

GROOT KOP KRAP OOR SOJA EN DROOGTE

DAAR word wyd bespiegel oor die omvang van droogteskade aan vanjaar se sojaboon-oes.

Boere wat vir die eerste keer soja geplant het in die westelike somersaaigebied, waar aanplantings vanjaar drasties uitgebrei het, was opgewonde oor hoe goed dié gewas skynbaar in die droogte op sommige plekke vaar.

Soja se produksiekoste is laer as dié van mielies, wat dit 'n aantreklike, nuwe gewas maak, veral in die droogte en met die oog op volgende jaar se aanplantings en kontantvloei.

Boere in die oos-Vrystaat, wat meer ervaring met die plant van sojabone het, soos mnr. Jurg Bekker van Reitz, waarsku sojabone is baie gevoelig vir droogteskade. Hy sê goeie plantgroeidi nie noodwendig op 'n goeie opbrengs nie.

Mnr. Johan van den Berg, 'n

landboukundige en klimatoloog van Santam Landbou, bevestig sojabone is besonder gevoelig vir droogte en hitte. Hy sê die finansiële voordele van sojabone kom dikwels eers in die opvolgjaar omdat dié peulgewas stikstof in die grond kan bind.

Hy waarsku dat dit uiters belangrik is om goeie ondersteunende infrastruktuur te hê om die oes so vinnig moontlik in te samel en die skade te beperk van droë peule wat oopskiet en pitte wat verlore gaan: "Aangesien sojabone gevoelig is vir dagligduur, is die plantdatum uiters belangrik. Veral laat aanplantings kan baie swak opbrengste tot gevolg hê."

Hy meen die wisselvalligheid van soja-opbrengste oor die jare moet ook eers in die westelike produksiegebiede geëvalueer word voor boere grootskaalse

aanplantings doen.

GEEN VERSEKERING

Mnr. Reinhard Kuschke van Agriseker, 'n oesversekeraar van Bethlehem, sê die maatskappy bied nog nie multirisiko-oesversekering, wat droogtedekking insluit, op sojabone in die westelike produksiegebied aan nie. Hy hou die situasie met belangstelling dop.

Uit terugvoer van boere wat in dié dele soja begin stroop het, blyk dit dat opbrengste baie wisselvallig is. Dit is klaarblyklik in ooreenstemming met die wisselvallige neerslae wat in die groeityd voorgekom het.

"Party boere stroop 'n swak oes, maar ander voel tevrede."

Kuschke meen 'n klomp faktore het tot die wisselvalligheid bygedra, soos plantdatum, grondvoorbereiding, grondvog,

en of dit op die regte tyd en op die regte plek gereën het.

Op plekke waar sojakultivars met 'n onbepaalde groeiwyse tussen 'n kultivar met 'n bepaalde groeiwyse geplant is, was die voordeel van laat reën vir die kultivar met 'n onbepaalde groeiwyse merkbaar.

"Uiteindelik gaan winsmarges die deurslag gee," sê hy. "Die produksiekoste van mielies is baie hoër, so 'n boer se kontantvloei gaan uiteindelik die bepalende faktor wees. Hy sal dalk met 'n effens laer opbrengs tevrede wees as hy met 'n laer produksiekoste steeds 'n redelike wins met sojabone kan maak.

"Wat versekering betref, sal die groot vraag uiteindelik wees wat die gewas se ekonomiese voordeel vir 'n boer was, en of dit 'n plek in sy totale wisselboustelsel verdien." –MARLEEN SMITH